# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (21/11)

*Justin Chadwick (3 Junie 2011)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK** "Against logic there is no armour like ignorance" Lawrence Peter*

## VOEDSELVEILIGHEID

Voor hierdie week was die name shiga-toksien E-coli (STEC) of EHEC waarskynlik onbekend aan die meeste mense in Europa – die tragiese sterftes van verbruikers van vars produkte in Duitsland het die kollig op hierdie bakterie laat val en ernstige vrae het ontstaan:

**Het naspeurbaarheid misluk:** Geruime tyd het al verloop sedert die eerste geval aangeteken is, maar nog steeds is die bron van besmetting nie gevind nie. Die doel van naspeurbaarheid is om in staat te wees om die bron van besmetting so gou as moontlik op te spoor om verdere verspreiding van die besmette produk te voorkom en ook om te kan bepaal waarheen die produk gegaan het om sodoende enige moontlike besmette produkte te kan onttrek. Volgens berigte in die media is die spoor foutiewelik na sekere verskaffers teruggespoor, wat nou geweldige finansiële verliese as gevolg daarvan gely het. Dit lei tot die gevolgtrekking dat naspeurbaarheid terug na die oorsprong van die produk (oorspronklike verskaffer) blykbaar gewerk het, maar nie naspeurbaarheid na die bron van besmetting nie. So wanneer owerhede en die bedryf agter die kap van die byl gekom het moet hul asseblief nie addisionele vereistes en kostes vir die produsente instel nie, stel dit deur die hele ketting reg.

**Beland in die kruisvuur:** Tydens oorlog praat mens van "kollaterale skade" – onskuldige mense is dood omdat hul in die kruisvuur beland het. Ongelukkig het hierdie insident ook aanleiding tot kollaterale skade gegee – die verskaffers wat verkeerdelik as die bron van besmetting geïdentifiseer is, het belangrike besigheid verloor en hul reputasie is ook geskaad, en die prys van die produk het vanaf Euro 0.20 tot Euro 0.05 per item geval; so alle verbouers van die produk is geraak. Inderwaarheid sal die totale groente sektor geraak word soos verbruikers op die uitbraak reageer. Daar word gesê dat Rusland alle invoere van groente vanaf die EU opgeskort het – meer kollaterale skade.

**Kollig in die EU op Bakteriese besmetting:** Die EU se kommer met betrekking tot voedselveiligheid is grootliks op die gebruik van chemikalieë tydens die produksie en voorbereiding van vars produkte en die bepaling van geskikte MRLs gekonsentreer. In die VSA is die kollig meer op bakteriese besmetting wat veral momentum gekry het na die "spinasie krisis" (toe verbruikers gesterf het na die inname van besmette spinasie). Waarskynlik gaan die uitbraak meer aandag op bakteriese besmetting vestig en verskaffers sal goed doen om te sorg dat alles in plek sal wees om voedselveiligeheid te verseker. Protokolle wat tans in plek is vir voedselkwaliteit en -veiligheid behoort veilige voedsel te kan verseker.

**Waar was die NGOs:** Baie NGOs maak aanspraak daarop dat hul die bewakers van voedselveiligeheid is. Hul neem deel aan sensasie soekende avonture om bewustheid aangaande ongegronde kommer oor voedselveiligheid te verhoog, maar wanneer 'n werklike krisis ontstaan is hul nêrens te vinde nie. Instede daarvan om spoke te jaag moet hul nie liewer bewus wees van hierdie werklike gevare nie? As self-aangestelde bewakers het hul gefaal om die risiko te identifiseer en het nodig om van die verantwoordelikheid te neem. Instede daarvan om sensasie te soek moet hul saam met voorsieningskettings werk om die WERKLIKE risikos te identifiseer en met belanghebbendes werk om dit reg te stel.

**Gevallestudie:** Daar is 'n groot mate van spekulasie oor waar die besmetting plaasgevind het – baie het of die vervoer of voorbereiding in die invoerland as die bron geïdentifiseer. Dit is lewensbelangrik dat die resultate van waar en hoe die besmetting ontstaan het met almal in die vars produkte voorsieningsketting gedeel word. Op hierdie manier kan alle voorsieningskettings voorsorg tref om 'n herhaling in die toekoms te voorkom.

**Verskaffers se vereistes:** Primêre verskaffers in die vars produkte sektor het nodig om aan 'n reeks van vereistes te voldoen wat deur diegene verder op in die voorsieningsketting (meestal invoerders en handelaars) gestel word om voedselveiligheid te verseker. Is dit nie tyd dat primêre produsente van diegene laer af in die voorsieningsketting vereis om aan hul te rapporteer oor hoe die produk hanteer word nie, na alles blyk dit dat die produsent die hardste deur 'n voedselveiligheid-skrik getref word. Diensverskaffers kan 'n ander produk kry om te hanteer, handelaars kan 'n ander bron of kompeterende produk kry, maar die produsente word met die ongewenste produk gelaat en in sommige gevalle met 'n ongeregverdigde, beskadigde beeld.

## SITRUSBEMARKINGSFORUM (CMF)

Onthou die datum: 22 Junie 2011 by Willow Park Konferensie Sentrum vanaf 10:00 tot 15:00 (daar sal middagete vir diegene wees wat vir Gloria laat weet -gloria@cga.co.za).

## GEPAK EN VERSKEEP 2011

| Tot Week 21<br>Miljoen 15 Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2009 | 2010 | 2011 | 2010 | 2011 | 2011 | 2011 | 2010 | 2010 |
| Pomelo's | 6.7 m | 6.1 m | 7.1 m | 4.1 m | 5.4 m | 14.7m | 14.8m | 12.5m | 12.2m |
| Sagte Sitrus | 3.2 m | 4.2 m | 3.6 m | 2.2 m | 2.8 m | 7.9m | 7.4m | 7.5m | 7.1m |
| Suurlemoene | 3 m | 4.7 m | 3.6 m | 3 m | 2.8 m | 9.8m | 9.7m | 9.6m | 9.4m |
| Nawels | 3.9 m | 5.6 m | 4.3 m | 2.9 m | 2.4 m | 19.4m | 19.1m | 22.9m | 22.6m |
| Valencias | - | - | - | - | - | 42.9m | 42.8m | 46.5m | 45.9m |
| | 16.8 m | 20.6 m | 18.6 m | 12.2 m | 13.4 m | 94.7m | 94.2m | 99m | 97.2m |

**PRODUSENTE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN CITRUS GROWERS' ASSOCIATION, SITRUS AKADEMIE EN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL TE BEFONDS. VERSEKER SO 'N GLOBAAL KOMPETERENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**